



Anton Karstel by *Wild thing*, sy installasie van 'n oopgevekte Njala-pantsermotor.

Foto: BETTIE LAMBRECHT

Karstel ontgin jag én gejag word

Wild thing - Anton Karstel
Franchise, Milpark,
Johannesburg
Bettie Lambrecht

Blokkiesteëls van 20 x 20 cm met 'n foto wat in legkaartstyl daarop afgedruk is. Dis van 'n polisiepantsermotor en dit lê tot 17 September op die vloer van die kunssaal Franchise, 44 Stanley Avenue, Milpark.

Die galery se hoë dak met oop dakbalke, wit mure en grys vloer laat die vertrek na 'n soort niemandslaan voel.

Jy dwaal half verward in die niksheid van die ruimte, al om en om die vreemde "teëltapyt", terwyl jy probeer om in die los fragmente 'n geheel te vind. Met die tweede omstap begin die wiele en sye van die voertuig van die grond af oplig, of so verbeel jy jou minstens, sodat die plat prent driedimensioneel word. Dis 'n enkele pantsermotor – soos 'n kartonboks oopgevou en neergestryk, soos jy 'n braaihoender plat druk op die rooster.

Of, noudat jy die polisie se ou Njala-voertuig sien, soos 'n wildsbok ontvel, sodat jy die hele bok soos 'n topografiese landkaart in sy vel se

oorblyfsel lees. Van bo af. Met gesag, want jy kyk af.

Dis die soort ontdekkingstog waarop die kunstenaar Anton Karstel die besoeker stuur. Sy leidrade is subtiel. G'n verduidelikende notas of gesprek nie. Nie serebrale inligting nie. Die kunswerk vra saamspeel, vra dat jy letterlik inklim in die meditasieruimte wat hy vir jou skep. Hy dwing jou om vrae te stel.

Hoekom die blokkiespatroon? Hoekom die skewe aanmekaarlas van fragmente wat stuk vir stuk afgeneem is? So asof onpasdele van 'n legkaart in spasies ingedruk is waar hulle nie hoort nie? Waar begin roesmerke en waar hou wonde op? Is die teëls deel van 'n motor? Of 'n gebou? Waar bevind ek my?

Plek, nie net ding nie, is belangrik. Daar word gesinspeel op plek deur fotobeelde van geboue en gras. Jy moet weet, dis iewers in Suid-Afrika waar jy jou bevind. Plek suggereer 'n samelewing met 'n geskiedenis van rowwe dinge tussen mense en magverteenwoordigers. Daar die geskiedenis lê nou iewers op 'n skrootwerf. Dis verby.

Dis hoe jy 'n Karstel aftas. En dan, as die kunstenaar tevrede is dat jy jou kant gebring het om sin te

maak, laat hy hom uit oor sy inspirasie vir die soort voorstelling.

Kleure, teksture, patrone, sê hy, is vir hom belangrik. En lank reeds vind hy dit in dinge wat hom boei. Polisievoertuie is een. Hulle dra 'n hele boel metaforiese verwysings na abstraksies, soos gesagsdwang.

Ook die titel van die tentoonstelling, *Wild thing*, hou verband met die oorspronklike benaming waarmee polisiemanne hul pantser gedoop het. Jy dink aan die dae voordat hierdie njala-op-wiele in die Pretoria Wes-depot vir voertuig-wrakke beland het. Toe sy nou geroeste wande wat so weerloos plat lê en met hospitaalsteëls verwar kan word, 'n gedugte wapen in die bewaring van orde was. Die effense gras onder die pap wiel lyk weerloos. Dit roep 'n ander beeld op: 'n bok wat wild voor 'n geweer kies.

Jag en gejag word, dink jy terwyl jy wegstap na jou eie voertuig, buite in die straat geparkeer, waar hy goddank, steeds staan.

Selfs daarin lees jy skielik 'n teken, ryker aan betekenis en anders as voordat jy saam met Karstel op sy pantsertapyt deur 'n ander soort werklikheid gesweef het.

● Tot 17 September.